

Verassing/Lyksverbranding!

Wat sê die Bybel ???



Hindu public ceremonial cremation in Bali !!!

Amos 2:1 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Moab, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hy die BEENDERE van die koning van Edom tot KALK VERBRAND het.

Pred 6:3 **As 'n man honderd kinders verwek en baie jare lewe en die dae van sy jare baie is en sy siel nie genoeg kry van die goeie en hy ook NIE N BEGRAFNIS HET NIE**, dan sê ek: **'n MISGEBOORTE IS BETER AS HY,**

Verassing/Kremasie [Lyksverbranding]

Kortliks: die Geskiedenis van Verassing

Verassing is van heidense oorsprong. Dit druis geheel en al in teen die eeue-oue gebruik van begrafnis waarvan ons lees in die Ou en Nuwe Testament.

Selfs die ou Egiptenare het lykverbrandings as onaanvaarbaar beskou. Volgens die geskiedskrywer, Herodotus, het die Babiloniërs hul oorledenes gebalsem. Die Fenisiërs het hul oorledenes veras en ook begrawe. In Griekeland het die eerste lyksverbrandings in 1100 vC eers voorgekom. Reeds in die Neolithiese tydperk is die as van lyksverbrandings versamel en soms saam met grafgifte begrawe. Die Schönfelder-beskawing was die eerste wat veraste persone se as in versierde houers gestoor en in spesiale begraafplase begrawe het.

Reeds vanaf die begin van hul geskiedenis het die Romeine sowel teraardbestellings asook verassings as begrafnisrituele geken. Gedurende die klassieke periode is die meeste oorledenes egter veras. Ook in Indië verbrand die Hindus nog altyd hul oorledenes, en strooi die as oor die Ganges rivier. Hulle glo in reïnkarnasie en moet so gou as moontlik van die liggaam ontslae raak sodat die volgende inkarnasie kan plaasvind. Die oorsprong van verassings was dus onder die heidense nasies.

“In ancient times people regarded fire as a purifying agent, one that would ward off evil spirits and cremation was used in most lands.” [The Funeral Source.]

Wat sê die Bybel oor die verbranding van ‘n Liggaam ???

Die Skrif regverdig slegs liggaamsverbrandings wat as straf toegedien is, in gevalle waar gruwelike sondes gepleeg was. [Na teregstelling.]

(1) By prostitusie:

Gen 38:24 Ná omtrent drie maande het hulle Juda laat weet en gesê: Tamar, jou skoondogter, het gehoereer, en sy is ook swanger deur hoerery! En Juda sê: Bring haar uit, dat sy verbrand kan word.

(2) By bloedskande: [Soos deur God self beveel]

Lev 20:14 **En as 'n man 'n vrou en haar moeder neem, is dit 'n skandelijke daad;** hulle moet hom en dié twee met vuur verbrand: daar mag geen bloedskande onder julle wees nie.

(3) **Hoerery van 'n Priester se dogter:** [Soos deur God self beveel]

Lev 21:9 **En as die dogter van 'n priester haar ontheilig om te hoereer, ontheilig sy haar vader;** met vuur moet sy verbrand word.

In al drie hierdie gevalle is hulle waarskynlik eers gestenig, en daarna verbrand.

(4) Met die opstand teen Moses: [**'n** Straf deur God self voltrek as gevolg van hul rebellie en ongehoorsaamheid.]

Num 16:35 Toe het **'n vuur van die HERE uitgegaan** en die twee honderd en vyftig man verteer wat die reukwerk gebring het. [Vers 49 word weer 14,700 met vuur verteer = 14,950]

Psa 106:18 **En 'n vuur het gebrand onder hulle bende, 'n vlam die goddelose aan die brand gestee.**

(5) Agan wat die bangoed in sy tent begrawe het: [Soos deur God beveel.]

Jos 7:15 En hy wat in besit van die bangoed aangewys is, moet met vuur verbrand word, hy met alles wat aan hom behoort, omdat

hy die verbond van die HERE oortree en 'n skanddaad in Israel begaan het.

Jos 7:25 En Josua het gesê: Hoe het jy ons in die ongeluk gestort! Die HERE sal jou vandag in die ongeluk stort! Daarop het die hele Israel hom gestenig, en hulle het hulle met vuur verbrand en klippe op hulle gegooi.

(6) As straf vir die sonde van Sodomie [Gay] !!!!

Gen 19:5 En hulle het na Lot geroep en aan hom gesê: Waar is die manne [ENGELE] wat vannag na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan BEKEN. (**SONDE VAN “ GAY “**)

Gen 19:24 En die HERE het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van die HERE uit die hemel. 2 Pet 2 :6- 9

Gen 19:27 En Abraham is vroeg in die môre na die plek waar hy voor die aangesig van die HERE gestaan het.

Gen 19:28 Toe hy uitkyk oor Sodom en Gomorra en oor die hele land van die Jordaanstreek, sien hy dat die rook van die land **optrek soos die rook van 'n smeltoend. (GAY— SONDE)**

(7) Hoe ernstig beskou die Here die verbranding van **'n lyk ?** [Lykskending???

Amos 2:1 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Moab, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; **omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het.**

Amo 2:2 **Daarom sal Ek 'n vuur slinger in Moab, en dit sal** die paleise van Kérijot verteer; en Moab sal met oorlogsrumoer sterwe, met krygsgeskreeu en basuingskal.

Kom ons kyk hoe stel die 1983 vertaling van die Afrikaanse Bybel dit!

1 So sê die Here: Selfs as Moab net drie keer sonde gedoen het, sou Ek sy straf nie herroep het nie. **Maar nou het hy 'n vierde** sonde daarby gevoeg: hy het die bene van Edom se koning tot kalk verbrand.

2 Daarom sal Ek in Moab 'n vuur laat losbreek en dit sal die mooi
huise van Kerijot verteer. Moab sal omkom onder oorlogsrums, onder die blaas van die ramshoring

Volgens die Bybel is lyksverbranding 'n daad van veragting.

God bring die verbranding van 'n liggaam/lyk in die Skrif slegs in verband met die straf vir 'n ernstige oortreding,..... as 'n strafmaatreeël. Slegs God kan besluit of die menslike liggaam verbrand moet word, al dan nie, aangesien HY die Skepper en Alleeneienaar van die menslike liggaam is.

Die menslike liggaam, lewend of dood, bly die eiendom van die Lewende God. Sommige sien dit as n ontvlugting van GOD. Heb 9:27

1Kor 3:16 Weet julle nie dat **julle 'n tempel van God is** en die Gees van God in julle woon nie?

1Kor 3:17 As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.

Heidense nasies het verassing gebruik in hulle godsdienstige praktyke.

2Kron 33:2 En hy [koning Manasse] het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE volgens die gruwels van die nasies wat die HERE voor die kinders van Israel uit verdrywe het.

2Kron 33:3 En hy het die hoogtes weer gebou wat sy vader Jehiskia afgebreek het, en altare opgerig vir die Baäls en heilige boomstamme gemaak en hom neergebuig voor die hele leer van die hemel en hulle gediens;

2Kron 33:5 En hy het altare gebou vir die hele leer van die hemel in al twee die voorhove van die huis van die HERE.

2Kron 33:6 **Ook het hy self sy seuns deur die vuur laat deurgaan in die dal van die seun van Hinnom** en met goëly en verklaring van voortekens en towery omgegaan en dodebesweerders en waarsêers aangestel; hy het baie gedoen wat verkeerd

was in die oë van die HERE, om Hom te terg.

Jer 7:31 En hulle het die hoogtes van Tofet gebou wat in die dal van die seun van Hinnom is, om hulle seuns en hulle dogters met vuur te verbrand—iets wat Ek nie beveel het nie en in my hart nie opgekom het nie.

Jer 19:5 En hulle het die hoogtes van Baäl gebou om hulle seuns met vuur te verbrand as brandoffers aan Baäl—iets wat Ek nie beveel of uitgespreek het nie, of wat in my hart nie opgekom het nie.

Hierdie verderflike praktyke, wat Israel in Kanaän teëgekrom het, is ten strengste deur die Here verbied.

Lev 18:21 En van jou kinders mag jy nie gee om vir Molog deur die vuur te laat deurgaan nie, dat jy die Naam van jou God nie onheililig nie. Ek is die HERE.

God het definitiewe bevel gegee wat ons met dooie menslike liggame moet doen. Dit moet begrawe word!

Dr. Isak Burger: { president A.G.S. }

“Vuur en verbranding is in die Bybel dikwels simbool van die oordeel en straf van God. Dit is in hierdie lig dat ons moet verstaan waarom God die metode van "vuur en swael" gebruik het om die inwoners van Sodom en Gomorra as gevolg van hulle verderflike lewenswyse uit te wis. Dieselfde met Nadab en Abihu in Lev. 10:2. Daar is talle tekste in die Ou Testament wat hierdie punt bevestig. Daarom is dit nie vreemd dat God se oordeel ná die dood (die hel) ook as 'n plek van vuur en vlamme beskryf word nie.

Daar is 'n aanduiding dat persone wat in daardie tyd as kwaaddoeners gekruisig is, weens die vervloekte aard van hierdie wyse van teregstelling, (Deut. 21:23 en Gal. 3:13), soms nie begrawe is nie, maar op die vullishoop in die dal van Hinnom, reg langs Jerusalem gegooi is, om saam met die stad se afval verbrand te word. Dis ook hier in Hinnom

waar Israel in sy afvallige tye kinders aan Molog geoffer het (Jer.7:31). Die woord "Hinnom" is natuurlik die Hebreeus vir "Gehenna" (Grieks) wat in Afrikaans met "hel" vertaal word. Die assosiasie en sinspeling is duidelik - die afvalhoop van die stad wat tradisioneel gekenmerk is deur rook en smeulende vuur en waar nog boönop die lyke van misdadigers verbrand is. Die 2 rowers aan kruis hier weggegooi

Dit maak die begrafnis van Jesus nog meer merkwaardig: die feit dat Sy lyk moontlik verbrand kon word, maar dat God uit 'n onverwagte oord 'n graf vir Hom voorsien het.

Alle aanduidings is dat die vroeë kerk die Bybelse praktyk van begrafnisse voortgesit het. Weliswaar was daar die katakombes in Rome waarin groot getalle Christene oor 'n lang tyd begrawe is. Dit is egter altyd met groot piëteit gedoen, gedagtig daaraan dat die liggaam van so 'n gelowige met die opstandingsdag weer opgewek gaan word.

Wat in die vroeë kerk era wel van tyd tot tyd gebeur het (benewens die feit dat talle Christene onder die Romeinse bewind op brandstapels 'n marteldood gesterf het), is dat sommige Romeinse keisers opdrag gegee het dat die lyke van Christene verbrand word.

'n Tipiese Voorbeeld was dié van keiser Severius wat gefrustreerd was met die Christene omdat hulle nie wou ingee onder die martelings en vervolgings nie. Wanneer hy hulle gedreig het met verbanning, het hulle gesê dat hy hulle nooit uit die teenwoordigheid van hulle Here kon ban nie. As hy gedreig het om hulle dood te maak, het hulle gesê dat hy net hulle liggame kon doodmaak en dat dié ook weer opgewek sal word in die opstandingsdag.

Uit pure frustrasie en boosheid het hy opdrag gegee dat die lyke van Christene wat doodgemaak word tot as verbrand word en dan in riviere gegooi word om in die see te spoel

sodat hulle nie uit die dood opgewek kan word nie. Dit is dus te verstane dat die vroeë Christene negatief oor verassing gevoel het.

'n Verdere faktor wat die negatiewe sentiment teen verassing in die vroeë kerk versterk het, was dat verassing in daardie dae algemeen onder die heidense volke voorgekom het. Dit het die Christene, wat die liggaam as skepping en eiendom van God en as die tempel van die Heilige Gees hoog en heilig geag het (1 Kor. 6:19), met afkeer vervul.

Die Bybelse praktyk is onomwonde duidelik. “

[www.afm-ag.org/GH_ShowArticle.asp?HID=327]

Bybelse bewyse van begrafnisse

Die Here se woorde aan Abram:

Gen 15:15 Maar jy sal na jou vaders gaan in vrede, jy sal in goeie ouderdom begrawe word.

Spesifieke grond was gekoop om die dode te begrawe:

Gen 23:4 **Ek is 'n vreemdeling en bywoner onder julle. Gee my 'n graf** as besitting by julle, dat ek my dode van my af weg kan begrawe.

Gen 23:13 en met Efron gespreek voor die ore van die volk van die land: Ja, as dit u is, ag, luister na my! Ek gee die geld vir die stuk grond; neem dit van my aan, dat ek my dode daar kan begrawe.

Gen 23:17 So het dan die stuk grond van Efron wat in Magpéla teenoor Mamre lê, die stuk grond en die spelonk wat daarin is, en al die bome op die stuk grond wat op die ganse gebied daarvan rondom staan,

Gen 23:18 die eiendom van Abraham geword voor die oë van die seuns van Het, voor almal wat in die poort van sy stad ingegaan

het.

Gen 23:19 Daarna het Abraham toe sy vrou Sara begrawe in die spelonk van die stuk grond van Magpéla, oostelik van Mamre, dit is Hebron, in die land Kanaän.

Gen 25:10 die stuk grond wat Abraham van die seuns van Het gekoop het. Daar is Abraham begrawe en sy vrou Sara.

En hulle is begrawe:

Gen 35:19 So het Ragel dan gesterwe; en sy is begrawe op die pad na Efrat, dit is Betlehem.

Gen 35:29 En Isak het die asem uitgeblaas en gesterwe, en hy is by sy volksgenote versamel, oud en afgeleef. En sy seuns Esau en Jakob het hom begrawe.

Gen 49:31 Daar het hulle Abraham begrawe en Sara, sy vrou; daar het hulle Isak begrawe en Rebekka, sy vrou; en daar het ek Lea begrawe—

Dit was ook hul begeerte om begrawe te word:

Gen 47:30 Wanneer ek [Jacob] met my vaders ontslaap het, bring my dan weg uit Egipte en begrawe my in hulle graf. En hy antwoord: Ek sal handel ooreenkomstig u woord.

Gen 49:29 Daarna het hy hulle bevel gegee en aan hulle gesê: Ek word versamel by my volk. Begrawe my by my vaders in die spelonk wat op die stuk grond van Efron, die Hetiet, is;

Begrafnis - deur die Here beveel:

Deut 21:22 **En as in iemand 'n sonde is wat die doodstraf verdien en hy gedood word en jy hom aan 'n paal ophang,**

Deut 21:23 dan mag sy lyk nie aan die paal oornag nie, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek. En jy mag jou land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie.

GOD self begrawe Sy kneg, Moses:

Deut 34:6 En Hy [die Here] het hom [Moses] in die dal in die land Moab, teenoor Bet-Peor, begrawe; en niemand het tot vandag toe sy graf geken nie.

Lyke was soms vêr vervoer om begrawe te word:

2Kon 9:28 En sy dienaars het hom [Ahásia] na Jerusalem vervoer en hom in sy graf by sy vaders begrawe in die stad van Dawid.

2Kon 14:20 En hulle het hom [Amásia] op perde vervoer, en hy is begrawe in Jerusalem by sy vaders in die stad van Dawid.

2Kon 23:30 En sy dienaars het hom [Josía] dood vervoer van Megíddo af en hom in Jerusalem gebring en hom in sy graf begrawe; en die volk van die land het Jóahas, die seun van Josía, geneem en hom gesalf en hom in die plek van sy vader koning gemaak.

Nuwe Testamentiese Begrafnisse:

Johannes die dooper:

Mat 14:12 En sy dissipels het gekom en sy liggaam weggeneem en dit begrawe; en hulle het gegaan en dit aan Jesus vertel.

Die ryk man:

Luk 16:23 En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem.

Annanías en Saffíra:

Hand 5:6 Daarna het die jongmanne opgestaan en hom toegedraai en uitgedra en begrawe.

Hand 5:10 Toe val sy onmiddellik aan sy voete neer en het gesterwe. En die jongmanne het ingekom en haar dood gevind en haar uitgedra en by haar man begrawe.

Stéfanus: [eerste martelaar vir Jesus]

Hand 8:2 En godvresende manne het Stéfanus begrawe en 'n groot rou oor hom bedrywe.

Matt 8:22 Jesus sê dat die dooies hul eie dooies begrawe.

Jesus self is ons voorbeeld:

Joh 19:40 En hulle het die liggaam van **Jesus** geneem en dit in doeke toegedraai saam met die speserye, soos die gewoonte van die Jode is om te begrawe.

‘n Opdrag van God om terug te keer na die stof
van die aarde—**nie tot as nie.**

Gen 3:19 In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. **Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer. { Nie n terugkeer na AS }**

Job 7:21 En waarom vergeef U nie my oortreding en neem my ongeregtigheid nie weg nie? Want weldra sal ek in die stof lê; dan sal U my soek, maar ek sal daar nie wees nie.

Job 10:9 Bedink tog dat U my soos klei gevorm het, en wil U my tot stof laat terugkeer?

Job 20:11 Sy gebeente was vol van sy jeugdige krag; maar met hom saam lê dit in die stof.

Job 21:26 Saam lê hulle in die stof, en die wurms oordek hulle.

Job 34:15 dan sou alle vlees tesame die asem uitblaas en die mens sou tot stof terugkeer.

Psa 90:3 U laat die mens terugkeer tot stof en sê: Keer terug, o mensekinders!

Psa 104:29 U verberg u aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle

asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof.

Pred 12:7 en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het. [God gee geen opdrag vir n terugkeer na "AS" toe nie, dit is n onbybelse stelling.]

Volgens Bybelse standaarde was dit ‘n oneer om nie ‘n begrafnis te hê nie.

Psa 79:3 Hulle het hulle bloed rondom Jerusalem soos water uitgiet sonder dat iemand hulle begrawe.

Jer 14:16 En die volk vir wie hulle profeteer, sal in die strate van Jerusalem weggegooi lê vanweë die hongersnood en die swaard sonder dat iemand hulle begrawe; hulle, hulle vrouens en hulle seuns en hulle dogters. So sal Ek dan hulle boosheid oor hulle uitstort.

Jer 16:4 Aan dodelike siektes sal hulle sterwe, hulle sal nie beklag of begrawe word nie, hulle sal mis op die aarde wees; en hulle sal deur die swaard en die hongersnood verteer word, en hulle lyke sal dien as voedsel vir die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde.

Jer 25:33 En die wat deur die HERE verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklag of versamel of begrawe word nie; hulle sal mis op die aarde wees.

Pred 6:3 **As ‘n man honderd kinders verwek en baie jare lewe en die dae van sy jare baie is en sy siel nie genoeg kry van die goeie en hy ook nie ‘n begrafnis het nie, dan sê ek: ‘n Misgeboorte is beter as hy.**

Verdoemende profesie oor die huis van koning Agab:
2Kon 9:10 En die honde sal Isébel eet op die dorpsgrond van

Jísreël, en daar sal niemand wees wat haar begrawe nie.
Daarna het hy die deur oopgemaak en gevlug.
Die straf vir ongehoorsaamheid aan God:

Jer 22:18 Daarom sê die HERE so van Jójakim, die seun van Josia, koning van Juda: Hulle sal hom nie beklaag met: Ag, my broer! of ag, suster! nie. Hulle sal hom nie beklaag met: Ag, heer! of—ag, majesteit! nie.

Jer 22:19 **Met ‘n eselsbegraving sal hy begrawe word—** weggesleep en neergewooi ver van die poorte van Jerusalem af.

In die middeleeue was verbranding die algemene manier om hekse en kettlers te straf. Menige Christen-martelaar het op die brandstapels gesterf. Om mense wat so dood verbrand is as voorbeeld te gebruik in ‘n argument ten gunste van verassing, is geheel en al buite die konteks. Ons behandel hier nie van die manier waarop iemand sterf nie, maar wel wat die Skrif sê wat ons met die liggaam moet doen, indien daar wel ‘n liggaam is, ná afsterwe. In die Skrif is daar geen verwysings na verassing nie. Wanneer iemand gesterf het, is hy/sy begrawe. Wat wil ons in elk geval meer hê as die voorbeeld wat God self gestel het, deur Moses SELF te begrawe. As Hy voorkeur gegee het aan verassing, sou Hy duidelik die voorbeeld gestel het daar heel aan die begin van die Bybel. Hy sou Moses se liggaam met vuur verbrand het sodat Josua dit kon sien.

Verbranding in die Ou Testament, het duidelik verband gehou met God se wraak oor gruwelike sondes OF heidense gebruike.

Is dit gepas om ‘n roudiens in die Naam van die
Here te hou waar die ontslapene veras is ?

Amos 6:10 En wanneer iemand se bloedverwant, die een wat hom wil verbrand, hom optel om die bene uit die huis te verwyder, en aan iemand wat in die agterste vertrekke is, sê: Is daar nog iemand by jou? en hy antwoord: Nee—dan sal die eerste

sê: Bly stil, want dit is nie gepas om die Naam van die HERE te vermeld nie !

Die Christelike geloof en die opstanding.

Ons begrawe ons geliefdes se liggame as belydenis dat ons glo in die opstanding van die liggaam. Ons glo dat God hom onverganklik sal opwek.

Rom 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur **die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.**

Rom 6:5 Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvoermigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;

2Kor 4:14 Want ons weet dat Hy wat die Here Jesus opgewek het, ons ook deur Jesus sal opwek en saam met julle voor Hom sal stel.

Die begrafnissangers is die saaiers van God, wat daardie saadjie (koringkorreltjie) aan die aarde toevertrou tot op die dag wanneer **God dit uit die dood sal opwek as 'n verheerlikte en onsterflike liggaam. As 'n mens nou hierdie saad gaan verbrand, bly daar dus geen saad oor wat geplant kan word nie.**

1Kor 15:35 Maar iemand sal sê: Hoe word die dode opgewek, en met hoedanige liggaam kom hulle?

1Kor 15:36 Dwase mens! Wat jy saai, word nie lewendig as dit nie gesterf het nie.

1Kor 15:37 En wat jy saai—jy saai nie die liggaam wat sal word nie, **maar 'n blote korrel**, byvoorbeeld van koring of van iets anders.

1Kor 15:38 Maar **God gee dit 'n liggaam soos Hy gewil het**, en aan elkeen van die saadkorrels sy eie liggaam.

1Kor 15:42 So is ook die opstanding van die dode: daar word

gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onver-ganklikheid;

1Kor 15:43 daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heer-likheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag.

1Kor 15:44 **‘n Natuurlike liggaam word gesaai, ‘n geestelike liggaam word opgewek. Daar is ‘n natuurlike liggaam, en daar is ‘n geestelike liggaam.**

Kol 2:12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.

Wat gebeur tydens ‘n verassing ???

Wikipedia Ensiklopedie:

Die moderne verbrandingsproses [\[wysig\]](#)

In die meeste lande word die sterflike oorskot van mense in kremato-ria verbrand. Moderne verassingsoonde, wat gewoonlik net plek vir een lyk bied, kan tot temperature van tussen 870 en 980 °C verhit word om seker te maak dat 'n menslike liggaam volledig verbrand word. Terwyl tot in die vroeë 1960's nog kool en kooks gebruik is, word tans hoofsaaklik natuurgas en propaan as brandstowwe in-gespan. Rekenaargesteuende kontrolestelsels verseker dat die ver-brandingsproses ongehinderd voltooi kan word.

Die verbrandingskamers van 'n oond het binnewande wat met hitte-bestande stene uitgevoer is. Hierdie sogenaamde refraktorstene word voorverhit voordat die kis met die stoflike oorskot in die oond geplaas word. In sommige krematoria word familielede toegelaat om die ver-assingsproses by te woon, dikwels om religieuse redes soos in die ge-

Houers vir die verbrandingsproses [\[wysig\]](#)

val van tradisionele Hindoe- en Jain-begrafnisse.[\[3\]](#)

'n Aantal lande het voorskrifte ten opsigte van die houers waarin die stoflike oorskot van die oorledene vir die verbranding in 'n krematorium geplaas moet word. In die VSA mag naas gewone houtkiste ook kartonhouers vir hierdie doeleinde gebruik word. Vervaardigers van doodskiste bied 'n reeks kiste aan wat vir verassings ontwerp is. 'n Ander oplossing is kartonhouers wat in 'n spesiale houtkis geplaas word. Hierdie spesiale houtkis lyk soos 'n gewone doodskis en kan voor die verbranding verwyder word vir maklike hergebruik. Begrafnisondernemers bied dikwels ook doodskiste te huur aan wat vir die roudiens gebruik kan word. Die stoflike oorskot van die oorledene word dan voor die verassing in 'n ander houer oorgeplaas.

Daarenteen word lyke in die Verenigde Koninkryk gewoonlik nie uit die doodskis verwyder nie. Die stoflike oorskot word saam met die doodskis, wat van brandbare materiaal vervaardig moet wees, nog op dieselfde dag as die roudiens veras. Doodskiste mag volgens die Britse *Code of Cremation Practice* nie meer geopen word nadat hulle in die krematorium aangekom het nie. Juweliersware moet dus verwyder word voordat die kis verseël word. Ná die verassingsproses word enige metaalstukke deur middel van 'n magnetiese veld uit die stoflike oorskot uitgehaal en elders op die krematoriumterrein begrawe. Die as word vervolgens aan familieleden of ander nabestaandes terugbesorg.

Verbranding en asversameling [\[wysig\]](#)

Die houer met die stoflike oorskot word in die verassingsoond teen 'n temperatuur van tussen 760 en 1 150 °C verbrand. Tydens die verbrandingsproses verdamp en oksideer 'n groot deel van die liggaam (veral die organe en ander sagte weefsel) vanweë die groot hitte, en die verbrandingsgasse wat ontwikkel word deur die krematorium se uitlaatstelsel afgevoer. Die verbrandingsproses neem sowat twee ure.

Die enigste stoflike oorskot ná die verassing bestaan uit droë beenfragmente (veral soute soos kalsiumfosfaat en minerale) wat gewoonlik 'n heldergrys kleur het. Hulle verteenwoordig rofweg 3,5 persent van die oorspronklike liggaamsmassa (of 2,5 persent in die geval van kinders). Die gewig van droë beenfragmente word bepaal deur die menslike skelet, maar veral die geslag en grootte van die oorledene en kan sodoende grootliks varieer. Die gemiddelde gewig van veraste stoflike oorskot is in die VSA-deelstaat [Florida](#) vasgestel as sowat 2,4 kilogram vir volwassenes (tussen 1,8 en 3,6 kilogram vir mans en tussen 0,9 en 2,7 kilogram vir vroue).^[4]

Juweliersware soos horlosies en ringe word gewoonlik verwyder en aan die naasbestaandes terugbesorg. Die enigste "onnatuurlike" item, wat in elk geval verwyder moet word, is 'n hartgangmaker wat anders gedurende die verbrandingsproses sou kon ontplof en die verbrandingskamer ernstig sou kan beskadig.

Ná die verassing word die beenfragmente uit die oond gevee en in 'n sogenaamde kremulator fyngemaal. Hulle lyk - afhanklik van die maalproses - uiteindelik baie na sandkorrels, alhoewel daar nog her-

kenbare klein beenfragmente in die as oorbly. Die kremulator bevat gewoonlik 'n soort roterende of maalmeganisme (soos swaar metaalkoëls in ouer modelle) om die bene te verpoeier.^[5] In [Japan](#) en die [Republiek van Sjina](#) (Taiwan) word bene net op versoek verpoeier en gewoonlik deur naasbestaendes versamel.

Die as word in 'n spesiale houer geplaas wat 'n eenvoudige kartonmodel of 'n versierde urn kan wees. 'n Klein hoeveelheid as word steeds in die verbrandingskamer agtergelaat en met die stoflike oorskot van die opvolgende verassings vermeng.

Nie alle stoflike oorskot bestaan noodwendig uit beenfragmente nie. Ander oorblyfsels sluit klein stukke gesmelte metaal van juweliersware in wat voor die verbranding nie raakgesien is nie, maar ook oorblyfsels van die doodskis, tandvulsels en geneeskundige implantate soos kunsmatige heupe in. Groter items soos titaan-heupproteses word voor die maalproses verwyder aangesien hulle die meul kan beskadig. Ná die maalproses word kleiner metaalfragmente uitgesif en op 'n afgeleë plek op die begraafplaas begrawe.



URNS:



Godsdienstige Urns.



Urns vir kinders.

Houers waarin Urn geplaas word vir beskerming wanneer die as begrawe word.



Verassings Juwelen:

<http://www.evrmemories.com/cremation-diamonds-s/81.htm>

“A Human Jewel”

“Everlasting Memories memorial diamonds are created with the help of the company Algodanza, headquartered in Switzerland. Since long ago, diamonds have been regarded as the symbol for strength, unity, and love. Everlasting Memories makes it possible for you to remember your loved one with this special commitment of everlasting unity. Allow us to create a memorial diamond for you, using the natural conditions of synthesis, the remains of your loved one will undergo the transformation from ashes into a unique Cremation Diamond.”



“Your diamond will be generated solely from your loved ones cremated remains without any additives. Every person is unique due to different lifestyles and different environmental circumstances. The air we breathe and the environment we live in affects the chemical make-up of our bodies. In turn, these circumstances measurably affect the chemical composition of your loved ones ashes. Because of this, your diamond will shine in a bright white color, or it may possibly have somewhat of a blueish tint- no diamonds are ever the same as each person is unique in their lifetime. “

Verassings Diamante:



So 'n verassings diamant ringetjie kan tot R13,000-00 rand of selfs meer kos. Nou gaan 'n verassing nie meer so "goedkoop" uitwerk nie. Die lae koste van 'n verassing is mos een van die groot beweegredes om dit te verkies bo 'n begrafnis.



Oorkrabbertjies, ringe, hangertjies, armbande—jy kan SELF kies waar jy oorlede ouma, oupa, pa, ma, man, vrou, kind OF TROETELDIER se assies vir die res van jou lewe wil dra.



Sleutelringe.



Armbande.



Hangertjies: Kittie kat se assies kom in 'n vissie en Fifi die hondjie s'n in 'n beentjie.



Hart hangertjies waarin die as geplaas kan word.

Koste van Begrafnis versus Verassing:

Wanneer ons al ons inligting bekyk, kom ons tot die gevolgtrekking dat **‘n verassing selfs duurder as ‘n begrafnis kan wees, indien jy alles van die beste en duurste wil gebruik.**

‘n Doodgewone begrafnis, met ‘n doodgewone kis, met doodgewone blomme, ens kan dalk selfs goedkoper uitwerk as ‘n verassing met ‘n mooi ornamentjie ter aandenking van ‘n geliefde. Hou die reëlings standaard, betrek familie en vriende om te help met die blomme en ander noodsaaklikhede, en belangrikste van alles, BLY BY ONS BYBELSE WAARDES.(DIE BYBEL VERBIED DUS VERBRANDING)

Interessante Koerantberigte-Chaos!!!

Ma kry lyk-skok ná verassing !!!

2009-10-17 22:49

[Druk hierdie artikel](#)



Heyne Litago verlaat Woensdag die Blue Downs-streekhof saam met 'n onbekende vrou.

Carrynn-Ann Nel

Hoe kón 'n begrafnisondernemer dit aan hulle doen, hoe kón hy?

Só het me. Danel Casey, 'n ma van Bellville, Vrydag gehuil oor Heyne Litago (39) van Dominique Funeral Services wat 'n ander oorledene as dié van haar lieflingseun Jandre Coetzee (19) se as aan haar gegee het. Sy het selfs die “verkeerde” as op Bloubergstrand gaan strooi ter nagedagtenis aan haar seun.

Coetzee se lyk het drie maande lank in 'n koelkas by 'n ander begrafnisondernemer gelê toe Casey telefonies ingelig is dat sy lyk nog verkoel word.

“Dit was amper erger as my kind se dood. Die hartseer om te weet ek het my kánd – nie my ma of my pa of my tannie of oom nie, my kánd – op dié manier in die steek gelaat,” het sy eergister gesê.

Litago het Woensdag in die Blue Downs-streekhof skuld beken op ses bedrogklagte nadat hy tussen Januarie en April vanjaar ses lyke nie veras het soos hy aan die gesinne gesê het nie. Hy het ander oorledenes se as aan die families gegee.

—>—>—>—> > >

Vier van die lyke (dié van mnre. Klaas Booise, Neville Kannermeyer, Jeremy de Kock en me. Felicity Lindes) het hy in een graf (twee in elke kis) in 'n begraafplaas in Kraaifontein begrawe, terwyl twee ander lyke, waaronder dié van Coetzee, nog in 'n koelkas was.

Streeklanddros Deon van der Spuy het Litago tot 60 dae tronkstraf of 'n boete van R4 7800 gevonnis. Litago moet ook voor 30 April die ses gesinne se geld terugbetaal. Dit beloop meer as R24 7000.

Litago wou nie kommentaar lewer ná die hofverrigtinge nie.

Sy prokureur, mnr. Colin Geoffreys, het gesê Litago het onbekende mense se as aan die families gegee.

Volgens kapt. Gerhard Niemand, 'n polisiewoordvoerder, het Litago se misdrywe bekend geword nadat Going Home Funerals die Coetzee-familie in Junie gebel en gesê het Jandre is nog in hul koelkamer.

Litago is op 22 Junie gearresteer en 'n dag later is die speurders ingelig dat die lyk van baba Tiyana ook nog by Going Home Funerals is.

Hulle het met die familie in aanraking gekom wat gesê het hulle het reeds die baba se as in haar ouma se kis begrawe. Die ouma is twee weke ná die baba dood en in die Noord-Kaap begrawe.

'n Tweede aanklag van bedrog is aanhangig gemaak en 'n ondersoek het aan die lig gebring dat vier lyke ook in twee kiste in 'n enkele graf begrawe is.

Die lyke is opgegrawe en die families moes die oorledenes in die Tygerberg-lykhuis gaan uitken.

Casey het gesê dit gaan nie oor die geld nie, maar oor die emosionele pyn om vir die tweede keer afskeid te moes neem.

“Het hy dan geen gewete nie, geen respek vir die dooies nie? Jy dink ná drie maande jy gaan jou kind nooit weer sien nie.”

Die Burger !!!

Oorskot ná verassing deurgaans gemonitor

MARELIZE BARNARD

KAAPSTAD

10/02/2009 08:42:47 AM - (SA)

Terwyl die oorsprong van 23 sakke menslike as wat die naweek op Macassar se strand gekry is, steeds forensies ondersoek word, is die publiek gewaarsku teen ongeregisteerde swindel-ondernemers. Mnr. Theo Rix, hoofbestuurder van Wes-Kaap Doves, wat die Maitland-krematorium bestuur, het gesê daar word met metaalplaatjies deur die hele proses van verassing gevolg wie presies die veraste mense is.

Rix het mense gerusgestel dat die hele oorskot van 'n oorledene veras en aan familielede gegee word. Niks bly agter nie.

Met die verassingsoonde wat teen temperature van hoër as 1 000 °C **werk, word 'n ysterplaatjie gebruik wat nie deur die hitte vernietig** word nie.

By die Maitland-krematorium word jaarliks sowat 7 000 lyke veras.

Die as word in 'n plastieksakkie en daarna 'n klein kartonhouer so groot soos 'n klein skoendoos gesit met die identifikasieplaatjie en 'n verassingsertifikaat daarby.

Rix het gesê die asse wat die naweek op die Macassar-strand gevind **is, kan afkomstig wees van 'n begrafnisondernemer wat dit opgegaar** het.

Die Maitland-krematorium gooi nie as weg nie. Indien dit nie opgeëis **word nie, word die as in 'n graf by 'n stadsbegraafplaas begrawe en** die identifikasieplaatjies se reeksnommers word aangeteken indien mense later navraag daarvoor sou doen.

Dr. Ivan Bromfield, uitvoerende direkteur van stadsgesondheid, het die publiek gewaarsku teen swindel-ondernemers.

Die stad se gesondheidsdepartement hou gereeld inspeksies by geregisteerde ondernemers om te verseker hulle hou by wetgewing. Families moet verseker oorledenes se oorskot word hanteer deur **geregisteerde ondernemers om 'n behoorlike diens te verseker.**

Supt. Billy Jones, polisiewoordvoerder, het gesê die 23 sakke wat gekry is, is klein sakkies so groot soos toebroodjie-sakkies.

Verassing dra by tot aardverhitting

Sydney. – Verassing dra by tot aardverhitting en moet daarom afgeskaf word.

Prof. Roger Short, 'n Australiese wetenskaplike, meen mense moet eerder in 'n kartonhouer onder 'n boom begrawe word.

Die ontbindende lyke kan dan voedingstowwe aan die boom verskaf en die boom kan jare lank koolstofdioksied in suurstof omskep.

“Die belangrike ding is: wat 'n jammerte om veras te word wanneer jy in 'n groot borrel koolstofdioksied opgaan. Waarom dié koolstofdioksied mors?”

Volgens Short wil hy nie aan mense voorskryf nie, maar “jy kan ná jou dood steeds iets vir die planeet beteken. Hoe meer woude jy plant, hoe beter”, het hy gesê. – Sapa-AFP

My en jou **Jesus was in 'n graf weggelê.**

Kom ons volg sy voorbeeld na. Lyksverbranding is dus lykskending, VERAGTE-
LIK, HEIDENS EN ONBYBELS. AMEN !!!

Bronnelys:

Wikipedia Ensiklopedie

The Funeral Source

Mouthreach.com

Bybelse Ensiklopedie

Ds. AH Mulder (Kerkblad, 25.03.1998):

Dr. Isak Burger/Past Tienie Hendriksz (middelblad skets)

www.dna2diamonds.com

www.afm-ags.org/GH_ShowArticle.asp?HID=327

<http://www.evrmemories.com/cremation-diamonds-s/81.htm>



Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

